gee gas

besprekingstukke vir selgroepe (Leiersgids)

Inhoudsopgawe

			bl
Inleiding			3
1.	Bemoedig	[7 Augustus]	6
2.	Vrygewig	[14 Augustus]	8
3.	Gasvry	[21 Augustus]	12
4.	Begelei	[28 Augustus]	15
5.	Bedien	[4 September]	17
6.	Gemeenskap	[11 September]	21

Inleiding

In die voetspore van Barnabas

Die verhaal van Barnabas

Barnabas is een van die onvertelde en onderskatte verhale in ons Bybelse biblioteek. Hy is egter by uitstek iemand wat wys hoe 'n lewenstyl gevorm word deur die geestelike gewoontes wat jy beoefen:

- Die **Here** kon Barnabas se dankoffer gebruik om die eerste gemeente finansieël te bemoedig en te laat oorleef. Sonder sy ***vrygewigheid*** sou die gemeente baie moeilik 'n basis kon wees vir die eksponensiële groei van die koninkryk in die eerste paar dekades van ons jaartelling.
- Die **kerk** kon Saulus en sy bediening aanvaar weens Barnabas wat hom ***gasvry*** ontvang het en só vir Saulus as borg in die eerste gemeente opgetree het. Daarsonder sou die kerk baie maklik eksklusief-Joods kon bly en kon kies om nie grense na ander oor te steek nie.
- Die jong Johannes **Markus** het in Barnabas 'n begeleier en mentor van formaat gevind wat hom deur sy gawe van ***bemoediging*** in staat gestel het om nie net uiteindelik met Paulus te versoen nie, maar ook die eerste en oudste evangelie te skrywe. Sy evangelie skets die eerste koherente prentjie van Jesus wat deur die ander sinoptiese evangelies as bronteks gebruik is.

Barnabas het 'n fenomenale bydrae tot die eerste kerk en die vestiging van die koninkryk gemaak. Woorde ontbreek eintlik om sy bydrae na waarde te skat.

Hy was veral 'n **Bemoediger**, soveel so dat dit sy bynaam geword het. Hy was 'n **Borg** vir Saulus, 'n **Brugbouer** in Antiogië, 'n **Bemagtiger** van Saulus as leraar, 'n pionier **Bedienaar** van die evangelie aan die heidene en 'n bobaas **Begeleier** van jong gelowiges.

Barnabas is dus vir almal van ons 'n voorbeeld van iemand wat sy arsenaal van gawes – bemoediging, vrygewigheid, gasvryheid, begeleiding – tot voordeel van die kerk en in diens aan die Here aangewend het. *Hy illustreer vir ons hoe 'n Christelike lewenstyl werk*.

Of 'n mens nou kan peil trek op die 6de eeuse monnik van Siprus, Alexander Monachus, se beskrywing van Barnabas al dan nie – "his face was like that of an angel ... and he had sparkling eyes" (Laudatio Barnabae, 25) – Barnabas verdien 'n plek in die harte van Christene wêreldoor as 'n man wat uitnemend geslaag het daarin om sy gawes in diens van sy roeping in die kerk en koninkryk in te span. Hy is 'n ware stigterspionier van die kerk van Christus wat meegewerk het aan sy wêreldgestalte.

Praktiese geestelike gewoontes

Een van die maniere waarop die kerk deur die eeue hierdie Christelike lewenstyl aangeleer en gekoester het, was deur *praktiese geestelike gewoontes*, of soos baie dit noem, *geestelike dissiplines* of *geloofsgewoontes*. Dit is eenvoudige maklike oordraagbare tegnieke wat in die beoefening en bemeestering daarvan jou lewe vorm en Christus gestalte laat kry in jou (Gal 4:19).

Met geestelike gewoontes leer ’n mens ’n kant van die Christelike lewe ken wat jy nie kan leer net deur boeke te lees of aan die voete van geleerdes te sit nie. Dit is kennis wat net deur ervaring onder begeleiding van die Heilige Gees oopgesluit kan word (1 Kor 2:13). Dit is *in die beoefening* van die geestelike gewoontes wat ’n mens dié kennis opdoen, op geen ander manier nie.

Ons wil graag in hierdie reeks mense blootstel aan sulke geestelike gewoontes sodat huisgroepe nie net ’n heerlike ervaring in terme van die byeenkomste is nie, maar inderdaad tot lewensverandering lei.

‘n Paar opmerkings oor geestelike gewoontes is nodig om dit in perspektief te stel.

Fokus op wat God in jou verhouding met Hom wil laat gebeur

‘n Mens moet versigtig wees dat jy ‘n geestelike gewoonte beoefen sonder dat jy regtig fokus op God en jou verhouding met Hom. Jy kan bv. die geestelike gewoonte van *daaglikse ondersoek* ***meganies*** beoefen, sonder om diep te luister na wat God vir jou wil sê deur die dinge wat met jou gebeur. Dan sal jy die genade van God mis wat deur hierdie geestelike gewoonte jou wil vorm in die gestalte van Christus.

Fokus dus in die beoefening van die geestelike gewoontes op God en wat Hy vir jou duidelik maak – deur ‘n oortuiging, ‘n insig, ‘n gewaarwording, ‘n prentjie, ‘n lied, ‘n gedig, ‘n vertroosting, ‘n ontsteltenis of waardeur jy ook al geraak word. Dit is hoe ‘n mens God se stem hoor en dit sal jou vorm en geestelik laat groei.

Enigiets wat jy vir God doen, kan ‘n geestelike gewoonte wees

Daar is baie voorbeelde van geestelike gewoontes. Adele Calhoun lys 62 in haar uitstekende boek *Spiritual Disciplines Handbook*, en daar is selfs nog meer. Jy kan ‘n geïllustreerde lys met ‘n kort verduideliking daarvan op ons webtuiste aflaai, http://www.churchadventure.co.za/Bemagtig/Bronne.aspx

‘n Mens kan dié gewoontes ook kategoriseer op verskillende maniere, bv. gewoontes wat te make het met die *self*, *ander* en *God* (Henry Nouwen, *Reaching Out*) of die *innerlike*, *uiterlike* en *korporatiewe* dissiplines (Richard Forster, *Celebration of Discipline*). ‘n Mens kan selfs die *omgewing* as ‘n vierde kategorie bysit (bv. met die geestelike gewoonte *omgee vir die aarde*) wat in ons tyd ‘n belangrike uitbreiding is. En sulke kategoriserings bly ‘n handige manier van dink oor geestelike gewoontes, waardeur jy kan sorg dat jy nie vashaak by gewoontes wat net met jouself of net met ander te make het nie.

Maar – en dit is belangrik – enigiets wat jy *vir God* doen kan ‘n geestelike gewoonte wees “*if* we offer it to God as a means for God to use in our lives as God chooses.” (Mulholland, *Shaped by the Word,* 114). ‘n Wonderlike ding gebeur dan: “’Doing’ becomes ‘being’; jou geestelike gewoonte word deel van jou menswees; dit vorm jou in die tipe mens wat God wil hê dat jy moet wees. Dit gee jou ook die regte balans tussen doen en wees, omdat die *doen* uit jou *wees* kom, en jou *doen* weer jou *wees* vorm.

Almal van ons kan enige geestelike gewoonte beoefen

Sommige van ons het gawes wat ‘n Godgegewe vermoë is om ‘n spesifieke geestelike gewoonte (met besonderse effektiwiteit en gemak) te beoefen. Dit kan selfs wees dat daar ‘n spesifieke gewoonte is wat *jou* gewoonte raak, die geestelike gewoonte wat die praktyk van jou geestelike

lewe meer as enige ander bepaal. En daar is natuurlik niks fout daarmee nie. Dit is juis wat met jou moet gebeur – dat jy 'n lewenspraktyk ontwikkel wat deur spesifieke geestelike gewoontes gestempel word.

Maar dit beteken nie dat ek *net* daarop moet fokus nie, of nog erger, nie 'n sekere geestelike gewoonte beoefen nie, omdat iemand anders dit beter as ek kan doen nie. Almal van ons kan te enige tyd 'n geestelike gewoonte beoefen en ervaar dat God ons daardeur nie net laat groei nie, maar ook inspan binne sy koninkryk.

Ons wil hierdie reeks op 'n klompie sulke praktiese geestelike gewoontes fokus wat te doen het met ons lewe as gemeente – volgelinge van Jesus vorm 'n unieke gemeenskap waar daar saam met mekaar geleef word in "community", waar ons gas gee met goeie geestelike gewoontes.

GEE GAS met goeie gewoontes:

- **Bemoedig**(Hand 4:36) 7 Augustus
- **Vrygewig** (Hand 4:32-37) 14 Augustus
- **Gasvry** (Hand 9:26-31) 21 Augustus
- **Begelei/mentor/bemagtig**(Hand 11:19-24) 28 Augustus
- **Bedien** (Hand 13:1-12) 4 September
- ***Gemeenskap / Community*** 11 September

Familiefees **-** WOENSDAGAAND 14 SEPTEMBER

1. Bemoedig - Hand 4:36

Barnabas die Bemoediger

Barnabas se naam was eintlik Josef (sommige tekste het Joses). Hy is egter Barnabas deur die apostels genoem, omdat hy die gawe van bemoediging gehad het. Barnabas in Hebreeus beteken: "seun van bemoediging/vertroosting". Die woord vir bemoediging is *paraklêsis* wat verwant is aan die woord *paraklêtos* (Intersessor/Voorspraak/Advokaat/Trooster) wat as titel vir Jesus (1 Joh 2:1) sowel as die Heilige Gees (Joh 14:16) gebruik word. Geen wonder Barnabas word later beskryf as een wat vol van die Heilige Gees was nie (Hand 11:24) en wat die gemeente in Antiogië bemoedig nie (*parakalei*). Terloops, 'n mens moet Josef Barnabas ook onderskei van Josef Barsabbas/Justus wat oorgesien is toe Mattias as twaalfde apostel in die plek van Judas Iskariot gekies is (Hand 1:23).

Lidmaat van die eerste gemeente

Hoe hy in Jerusalem beland het, is onbekend. Sommige dink dat dit vir die Pinksterfees kon gewees het, ander dat Hy by sy familie besoek afgelê het, wat meer waarskynlik is, en nog ander dat hy daar was vir besigheid. Dit kan natuurlik ook wees dat hy in Jerusalem gewoon het, sommige dink dat hy en Saulus saam aan die voete van Gamaliël gesit het (Hand 22:3; 5:34), maar ons het geen eksterne getuienis daarvoor nie.

Wat ons weet is dat sy jong nefie Johannes Markus (Kol 4:10) toe nog by sy ma Maria gebly het in Jerusalem (Hand 12:12). Dit beteken dat Maria en Barnabas óf bloedfamilie was, dws broer en suster, óf skoonfamilie, dws swaer en skoonsuster. 'n Latere tradisie vertel van 'n broer van Barnabas, Aristoboula, wat met Maria getroud was, hoewel dit nie onafhanklik bevestig kan word nie.

Daar was lewendige handelsbetrekkinge tussen Siprus en Israel – minerale, landbouprodukte en veral houtprodukte – wat kan beteken dat hy vir sy sakebelange daar was en ingetrek is in die gemeenskapslewe weens sy verbintenis met Maria

en 'n lidmaat van die eerste gemeente in Jerusalem geword het.

WELKOM

Vra almal om in 'n sirkel op die vloer te sit. In die middel van die sirkel plaas jy 'n bord, mes en vurk, 'n groot 'slab chocolate' en drie kledingstukke – bv handskoen, serp en pet. Elke persoon kry 'n beurt om 'n dobbelsteen te rol. Sodra die persoon 'n 6 gooi hardloop hulle na die middle, trek die klere aan en prober so veel as moontlik sjokolade eet. Jy mag dit net met die mes sny en net met die vurk optel, jou ander hand moet agter jou rug wees. Sodra iemand anders 'n 6 gooi, hardloop hulle na die middel, trek die klere aan en neem oor. Hou aan tot al die sjokolade opgeeët is. Die res moet 'cheer' asof hulle lewe daarvan afhang.

WORSHIP

Elke week se worship – voorstel word vooraf gegaan deur 'n aanhaling of gesegde aangaande worship. Lees dit voor en dink daaroor na.

Sarah Ban Breathnach-
" An authentic life is the most personal form of worship. Everyday life has become my prayer"

Deel met mekaar 1 hoogte en 1 laagtepunt wat gedurende die afgelope week plaasgevind het. Breek nou op in kleiner groepies van 4 of 5 waar elkeen vir die persoon aan die linkerkant bid. Gebruik oor hierdie geleentheid om mekaar te bemoedig en werklik vir mekaar in te tree voor God. Sluit hierdie tyd van gebed af met die voorlees van 'n lofpsalm van jou keuse.

WOORD

Hand 4:36 *So was daar byvoorbeeld Josef wat deur die apostels Barnabas genoem is (dit beteken iemand wat mense moed inpraat). Hy was uit die stam van Levi, en is op Siprus gebore*. LB

Hand 14:21*Paulus en Barnabas het die evangelie ook in Derbe verkondig, en baie mense het daar gelowig geword. Daarna het hulle na Listra, Ikonium en Antiogië toe teruggegaan. 22 Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. "Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom," het hulle gesê.*

4:36–37 Luke concluded his treatment of the early Christian sharing with two specific examples—one to be followed (Barnabas) and one to be avoided (Ananias and Sapphira). Barnabas sold a field and placed all the receipts at the apostles' feet. Of more interest to us are the little details told about Barnabas here.

…the important thing is how well the by-name fits the picture of Barnabas in Acts. He was the encourager, the advocate, the *paraklete* par excellence of all the characters in Acts. When the Christians in Jerusalem shied away from Paul after his conversion, Barnabas interceded and introduced him to them (9:26f.). When Paul refused to take Mark on his second missionary journey, Barnabas stood up for Mark (15:36–39). When the Christians of Jerusalem became concerned over the orthodoxy of the Antiochene Christians in their witness to Greeks, Barnabas again served as intercessor, saw the gracious work of the Antiochene Christians, and encouraged them (11:20–23). Indeed, 11:24 well sums up the portrait of this "Son of Encouragement": "He was a good man, full of the Holy Spirit and faith." - New American Commentary

1. Barnabas se bynaam was "Bemoediger". Wat wil dit vir ons sê van sy karakter en ingesteldheid?

2. In Hand 11:24 lees ons dat Barnabas 'n goeie mens was, "vol van die Heilige Gees". Bespreek: Egte bemoediging is 'n uitvloeisel van vervulling van die Heilige Gees, dis 'n instelling wat die Heilige Gees in jou binneste werk. Hoe raak 'n mens vol ("vervul") met die Heilige Gees?

3. Wat beteken dit om iemand anders te *bemoedig* of *moed in te praat*? Hoe verskil dit van "goedkoop" raad gee?

Vgl die definisie van moedeloosheid: "Sonder vertroue, hoop, moed; ontmoedig" DHVA

4. Wie almal het behoefte daaraan om moed ingepraat te word? Is daar miskien iemand in die groep vanaand wat bemoedig moet word? Of 'n vriend of vriendin?

5. Wat doen 'n mens wanneer iemand die heeltyd moedeloos bly en jou moed inpraat nie help nie?

6. Watter rol speel die Heilige Gees in julle bemoediging ("bedien") van mekaar?

2. Vrygewig – Hand 4:32-37

'n Stuk grond verkoop

Ons tref vir Barnabas die eerste keer in aksie aan waar hy 'n stuk grond (of plaas – die Grieks kan so verstaan word) verkoop en die opbrengs vir die kerk van Jerusalem gee (Hand 4:36-37). Die grond was waarskynlik in Siprus omdat die stam van Levi nie in Israel grond mag besit het nie (Num 18:20-24; Deut. 10:8-9). Die reël was egter nie altyd streng gehandhaaf nie, want Jeremia, uit die priesterlike geslag, koop wel 'n stuk grond (Jer 32).

Dit is belangrik om God se hand hierin te sien, want dit is die belydenis van die gemeenskap van gelowiges in beide die Ou as die Nuwe Testamentiese tydperk, dat God die bron van vrygewigheid is. Dawid bely dit in sy gebed wanneer die volk en hy hulle offergawes vir die bou van die tempel bring: *"want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het" (1 Kron 29:14).* Let ook op hoe dit inpas in die fokus van Lukas in die uitbreiding van die evangelie – alles en almal op die aarde behoort aan God en het 'n aanraking nodig met die goeie nuus van die koninkryk wat Sy Seun kom vestig.

Toonbeeld van vrygewigheid

Barnabas doen dus wat die ryk jongman nie wou doen nie (Luk 18:18-29). Hy doen afstand van sy besittings om Jesus te volg en vestig daarmee 'n reputasie as iemand met 'n groot en warm hart. Daarmee vestig hy ook 'n baie belangrike beginsel van mededeelsaamheid en vrygewigheid wat die Christelike gemeenskap van alle tye sou beïnvloed.

Natuurlik is hy nie die eerste wat dit doen, en natuurlik ook nie die laaste nie. Hy volg onder andere in die tradisie van die Spreuke 31 vrou. In vers 10-31 besing Salomo die waarde van hierdie vrou in terme van haar voorbeeld in die diens aan en versorging van mense in die gemeenskap. Sy voorsien in die materiële en fisiese behoeftes van haar huisgenote, maar sien ook die nood van die armes raak en gee **vrygewig** vir behoeftiges (vers 20).

Mededeelsaamheid

Sy vrygewigheid sit 'n hele proses aan die gang in die kerk van Jerusalem waar almal met mekaar hulle middele deel. Dit laat 'n mens dink aan wat Jesus gesê het: *"Daar is niemand wat ter wille van die koninkryk van God afgesien het van huis of vrou of broers of ouers of kinders nie, of hy ontvang in hierdie tyd al baiekeer soveel terug, en in die tyd wat kom, die ewige lewe." (Luk 18:29-30).* Barnabas het egter nie soseer persoonlike vrug ontvang hieruit nie, maar vrug op sy bediening.

Paulus sou veel later hieroor skryf: *"Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade,* ***vrygewig*** *en* ***mededeelsaam****. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms…" (1 Tim. 6:9-19).*

Ekonomie van die huis

In ‘n merkwaardige studie van Elliot[1] het hy aangetoon dat daar twee dominante sosiologiese ruimtes in Lukas/Handelinge is, naamlik *die “tempel” en die “huishouding***”**.

Lukas se evangelie begin en eindig by die tempel (Luk 1:5-23 / 24:50-53), terwyl Handelinge begin en eindig by huishoudingstonele – dit begin in die bovertrek (Hand 1) en eindig by Paulus in die gevangenis-*huis* waar hy die evangelie “vrymoedig en onverhinderd” verkondig (Hand 28:30)

Hy spel verskillende kontraste tussen die twee ruimtes uit (tipe ruimte, personeel, sosiale verhoudings, ekonomie, simboliek) waarvan die ekonomiese kontras hierop betrekking het. Lukas beskryf dus hier ’n ekonomie van die huis. Dit verskil as volg van die ekonomie van die tempel:

• Tempelbelasting, skatkis, offers, tiendes • Akkumulasie van skuld • Onteiening, gierigheid, rowerspelonk • Bedelplek vir armes • Belange van gesagdraers primêr	• **Wedersydse vrygewigheid**, gemeenskaplike besit • Vergifnis van skuld • Versorging volgens elkeen se behoefte • Genoeg vir almal

Barnabas se geskenk bevestig dus ’n nuwe manier van leef, ’n nuwe ekonomie, ’n navolgings-waardige voorbeeld vir die toekoms van die kerk.

WELKOM

Deel aan elke persoon in die groep ‘n muntstuk uit. Laat elkeen nou kyk wat is die datum agter op die muntstuk en iets vertel oor wat daardie jaar in hulle lewe gebeur het (waar hulle was, hoe hulle toe gevoel het, wie toe deel was van hulle lewe, ens). Indien iemand nie oor daardie spesifieke jaar wil praat nie (weens trauma, pyn, verlies) gee vir hom/haar ‘n nuwe muntstuk.

WORSHIP

“In worship we are the performers and God is the audience. Worship is bending the knee of the heart.”

Lees hierdie week Psalm 145 (Boodskap of *Message* vertaling) stadig hardop voor. Lees reel vir reel en gebruik 7 – 10 minute om die psalm te voltooi. Maak gebruik van 2 of 3 lesers wat afwisselend lees.
Gee genoeg geleentheid dat groeplede dit wat gesê word kan indrink en die werklike diep betekenis van elke woord kan ontdek.
Gee geleentheid dat groeplede kan sê wat vir hulle uitgestaan het in die gedeelte.

[1]Elliott, J. H, "Temple versus Household in Luke-Acts: A Contrast in Social Institutions". Pages 211-40 in *The Social World of Luke-Acts*. Edited by J. H. Neyrey. Peabody, MA: Hendrickson, 1991.

WOORD

32 *Al die gelowiges was in hart en siel één. Niemand het opgetree asof sy besittings net sy eie was nie, hulle het alles gedeel wat hulle gehad het. 33 Die apostels het kragtige getuienis gegee oor die opstanding van die Here Jesus, en God het sy genade ryklik aan elkeen gegee. 34 Nie een van hulle het 'n tekort gehad nie, want gelowiges wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die opbrengs daarvan gebring 35 en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 36 So was daar byvoorbeeld Josef wat deur die apostels Barnabas genoem is (dit beteken iemand wat mense moed inpraat). Hy was uit die stam van Levi, en is op Siprus gebore. 37 Hy het sy grond verkoop en die geld vir die apostels gebring om vir dié te gee wat tekort het.* Handelinge 4

1. Barnabas was 'n Leviet wat sterk voorskrifte gehad het oor hoe om te gee en vir wie om wanneer te gee. Hy tree dus eintlik heeltemal anders op as wat die minimum vereistes volgens die reëls van sy tyd voorgeskryf het. Wat is die implikasies hiervan vir ons?

Gee en vrygewigheid is 'n lewenstyl en nie iets wat jy in 'n klompie reëls kan vasvang nie. Een van die groot goed wat in 'n volgeling van Jesus se lewe gebeur, is jou verstaan van en afgrensing teenoor materiële besittings en goed.

"Karl Marx claimed that nearly every human attitude and action could be traced to economic sources. Luke was not a Marxist, but he was enough of a realist to know that there is a good chance that where our possessions are our hearts will be also. A surprisingly large amount of the Book of Acts deals with economic issues within the community. Much of Luke's Gospel also deals with matters of money. Consider the parables of the Debtors (Luke 7:41–43), the Good Samaritan (10:29–37), the Rich Fool (12:16–21), the Unjust Steward (16:1–8), the Rich Man and Lazarus (16:19–31), and the parable of the Pounds (19:11–27)—all but one of these parables are unique to Luke. Wealth is not, for Luke, a sign of divine approval. It is a danger. The rich young man could not part with his money (Luke 18:18–23), and another rich man was declared "thou fool" because of his silly reliance on well-filled barns (Luke 12:15–21).

"Why are we always talking about money in the church?" one of my church's officers asked complainingly. "All we do is talk about money, giving, and the budget. I wish we could get beyond this and talk about the spiritual things that are really important for a church."

His was an understandable but misguided wish for the church. In responding to him I noted that we had discussed all sorts of issues in church board meetings, but none of the issues under discussion were as volatile and potentially divisive as our congregational arguments about money. At least in this sense Marx was right: There is a kind of economic determinism at work in our lives. Money makes the world go around.

Ernest Becker noted that as belief in God and other traditional sources of immortality eroded in Western culture, money assumed a god-like quality in our lives, our ticket to enduring significance in the face of death. We sometimes say, in the face of materialism, "You can't take it with you." But that observation does not defeat our materialism; it reveals its source. We cannot take things with us as we go into the oblivion of death; but we can pass financial power on to our offspring. We endow a chair at the university or have a pew named for us at church. Money is thus, in Becker's words, our "immortality ideology," our modern means of insuring that even if I must die my name, my family, my achievements, my power will continue after I am gone. Only Luke tells the story of the rich fool (12:13–21), the one who assumed that his possessions gave him god-like security against the invasions of mortality. The first banks were temples and the earliest coins were stamped with the images of gods.

"How hard it is for those who have riches to enter the kingdom of God!" said Jesus (Luke 18:24). The disciples spoke for us all in asking "Then who can be saved?" (Luke 18:26).

But the same wonder-working power of the Spirit which made a lame man walk in the preceding section has enabled a man named Barnabas to sell his field and to give the proceeds to the apostles, who made distribution of such gifts to those in need (cf. Deut. 15:4–5). The church takes care of its own, thus creating in its life together a kind of vignette, a paradigm of the sort of world God intends for all. Justin Martyr marveled of his own church, not far removed in time from Luke's church, "We who once coveted most greedily the wealth and fortune of others, now place in common the goods we possess, dividing them with all the needy" (I Apology 14:2–3). The power which broke the bonds of death on Easter, shattered the divisions of speech at Pentecost, and empowered one who was lame now releases the tight grip of private property.

Willimon, W. H. (1988). Acts. Interpretation, a Bible commentary for teaching and preaching (52–53).

2. Baie van die vroeë Christene het hulle besittings verkoop en met mede-gelowiges gedeel. Behoort ons dit vandag nog te doen?

Die NT onderstreep die beginsel van vrygewigheid, maar skryf nie 'n soort Christelike kommunisme voor nie. Enersyds was daar onder die vroeë Christene 'n sterk belewenis dat die wederkoms van Jesus naby is – wanneer jy glo dat die wederkoms oor 'n kort rukkie gaan plaasvind (bv 21 Mei 2011 soos sommige geglo het) dan verloor besittings al hulle waarde. Tweedens sien ons dat almal nie hierdie praktyk beoefen het nie, maw dit was nie 'n voorskriftelike gebruik nie.

3. Ons het verlede keer gesien dat Barnabas iemand was wat "vol van die Heilige Gees was" (Geesvervuld geleef het). Die Heilige Gees het hom dus ook gelei in sy finansies. Hoe lei die Gees 'n mens wanneer dit kom by materiële dinge soos jou geld?

Wees oop dat die Gees jou oortuig oor met hoeveel jy kan klaarkom in die lewe, oor hoeveel en waarvoor jy behoort te gee. Wees ook oop daarvoor dat die Gees 'n persoon se naam op jou hart kan lê en selfs 'n bedrag of besitting wat jy vir daardie persoon moet gee.

Nota aan fassiliteerders: Probeer die gesprek hou by die bou van gereelde gesonde praktyke itv hoe jy jou lewe finansieël bestuur (bv keuses oor spandering, hoeveel is genoeg, wat as vriende of familie by my geld wil leen, ens) wat diep aan mense se verstaan van besittings vat, in plaas daarvan om net te verval in 'n gesprek oor wat om te doen as 'n bedelaar aan jou deur klop of jou by 'n robot "corner".

4. Bespreek die volgende stelling: "Vrygewigheid begin waar my tiende ophou".

Maleagi 3:8-10 en ander gedeeltes beklemtoon die gee van die tiende. Die verstaan van baie is dat hierdie beginsel nie maar net deel van die Ou Testamentiese wettiese sisteem van Moses was nie, maar van die begin van die skepping af 'n lewensbeginsel was (soos bv die beginsel van rus) wat in die Nuwe Testament voortleef. In die NT gee ons in vryheid uit ons eie besittings soos ons gewete ons lei, maar omdat God se genade nou nog groter as in die OT is, kan ons tog nie minder uit dankbaarheid gee nie. Die tiende behoort eintlik aan God en dit gee ons aan God om Hom te eer as die Bron van ons voorsiening. Dit help ons ook om nie in 'n "me-first" mentaliteit van gierigheid te verval nie.

Vrygewigheid begin dus eintlik eers wanneer ons bo en behalwe hierdie minimum vereiste ander mense seën deur aan hulle finansieël goed te doen.

5. Deel met mekaar oor hoe jy gee verstaan en hoe jy gegroei het in jou verstaan van vrygewigheid. Dink aan 'n babatjie wat net wil hê en niks het om te gee of wil gee nie. Hoe suinig is jy met jou geld, tyd, kennis, ens? Deel getuienisse oor wat die Here al in jou lewe gedoen het deurdat jy vrygewig was teenoor iemand anders of deurdat iemand anders vrygewig was teenoor jou.

6. Hoe vrygewig is die mense in ons selgroep? Sal jy vrymoedigheid hê om te vra vir iets indien jy dit regtig nodig het? Dink jy iemand sal jou behoefte raaksien voordat jy vra?

7. In watter areas van jou lewe kan jyself meer vrygewigheid beoefen? Waarin kan mens alles vrygewig wees?

3. Gasvry – Hand 9:26-31

Saulus kom tot bekering

Die impak van die Here Jesus se ontmoeting met Saulus op die pad na Damaskus, wat in Hand 9:1-18 vertel word, kan nie onderskat word nie. Dit was ’n sleutelmoment in die groeiende beweging van die evangelie oor grense heen.

Sonder Barnabas sou dié geskiedenis egter waarskynlik nooit gebeur het nie. Saulus se wrede poging om die kerk uit te roei (Hand 8:3) het steeds te veel teen hom getel, al kon hy van ’n rare ontmoeting met die opgestane Here vertel (Hand 9:3). Lukas skryf immers oor hom dat hy soos ’n besetene voortgegaan het om die volgelinge van die Here met die dood te dreig (Hand 9:1).

Op die toneel verskyn egter Barnabas, wat ons in sy primêre rol as bemoediger aan die werk sien. Hy ontferm hom oor Saulus as niemand iets met hom te doen wil hê in Jerusalem kort na sy bekering nie. Barnabas se aanvaarding van Saulus was dus die poort waardeur die bediening van Saulus ’n kans gekry het om te ontwikkel, wat uiteindelik die hele Christelike bediening sou transformeer.

Hy stel Saulus voor aan die apostels met sy eerste besoek aan Jerusalem (Paulus sê in Gal 1:18 dat dit 3 jaar na sy bekering was). Dit is ook hy wat Saulus se storie aan hulle vertel en as ‘spokesperson’ vir Saulus optree. Hy tree dus as borg vir Saulus op. Daarna eers kon Saulus vrylik met mense gesels.

Barnabas die Gasvrye – van andersheid na aanvaarding binne ’n veilige ruimte

Barnabas verskaf dus aan Saulus ’n veilige ruimte. Hy trek hierdie voormalige vyand in sy eie kring in. Hy doen dit *persoonlik* – hy luister na sy storie totdat hy dit kan oorvertel aan die leiers. Hy doen dit ook *gemeentelik*, veral in sy bekendstelling van Saulus aan die geledere van die apostels.

Henry Nouwen (*Reaching Out*) noem dit die beweging van *hostility* na *hospitality* waar die vreemdeling-vyand met sy andersheid ontvang word en eintlik ’n kans gegun word om ’n medemens te word, waar die *andersheid* nie meer die verhouding definieer nie, maar die *aanvaarding*. Dit is uiteindelik ons roeping: om van die *hostis* ’n *hospes* – die vyand ’n gas – te maak.

Let op hoe Lukas dit verwoord: Barnabas dra sy verhaal oor deur eerstens op 2 goed klem te lê wat *God* gedoen het: Saulus het Jesus gesien, en die Here het met hom gepraat – albei dinge wat baie belangrik vir sy uiteindelike status en aanvaarding as apostel sou wees. En daarby lê hy klem op wat *Saulus* direk na sy bekering gedoen het: hy het openlik in Damaskus in die Naam van Jesus gepreek, presies die teenoorgestelde as waarvoor hy daarheen deur die hoëpriester gestuur is.

Gasvryheid as liefde vir vreemdelinge

Gasvryheid (*philoxenia*– liefde vir die vreemdeling) is ‘n belangrike tema in die Nuwe Testament. In Hebreërs 13: 2 lees ons: “Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

Hebreërs verwys hier waarskynlik terug na Genesis 18 waar Abraham drie besoekers ontvang en van dié “engele” die belofte ontvang dat ‘n kind vir hom gebore sal word. Ook die verhaal van die

Emmausgangers beklemtoon die seën wat vir ‘n mens oopgaan as jy ‘n vreemdeling gasvry binnenooi (Luk 24).

Hoewel gasvryheid natuurlik ook te make het met ‘n gesellige kuier tussen vriende of familie, gaan Bybelse gasvryheid meer oor die ontvangs van vreemdelinge. Vroeë Christene moes dikwels uitputtende reise onderneem. Hoewel daar wel herberge was, het baie van hulle nie ‘n goeie reputasie gehad nie. Daarom was reisigers (soos ook Barnabas en Saulus op hulle sendingreise) afhanklik van die gasvryheid van mense wat hulle huise vir hulle oopgestel het.

Die oproep tot gasvryheid weerklink in verskeie ander tekste in die Nuwe Testament. In Romeine 12:13 kom die oproep: “Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.” Gasvryheid is ook ‘n belangrike vereiste vir Christelike leierskap. Deel van die kenmerke van ouderlinge was dat hulle vaardig moes wees om gasvryheid te bewys (1 Tim 3:23 en Tit 1:8).

Gaius sê ook vir julle groete. Hy is my gasheer en hy stel ook sy huis vir die hele gemeente beskikbaar. Erastus, die stadstesourier, stuur vir julle sy groete; ook ons broer Kwartus. (Rom 16:23).

Gasvryheid

“to receive and show hospitality to a stranger, that is, someone who is not regarded as a member of the extended family or a close friend—‘to show hospitality, to receive a stranger as a guest, hospitality.”

WELKOM

Reël voor die tyd met ‘n paar sellede (afhangende van hoe groot die groep is) om ‘n paar minute vroeër te kom en te help. Wanneer sellede aankom by die sel word hulle onmiddellik vriendelik ontvang, gemaklik gemaak en kry ‘n kort voet/skouer/kop-massering (van hulle keuse) en iets lekker om te drink. Maak seker dat julle alles wat nodig is voor die tyd beskikbaar het. Indien moontlik sorg vir strelende musiek in die agtergrond, kerse en iets wat die vertrek laat lekker ruik. Laat mense sommer hul ervaring kortliks deel voordat julle begin met aanbidding.

WORSHIP

“Worship is a lifestyle and the only one that lasts eternally”

Kies 3 gunsteling *worship* liedere wat almal in die groep goed ken. Maak seker dat daar ook genoeg kopiee van die woorde van die liedere is. Sorg dat die liedere – waar moontlik – na mekaar opgeneem is of direk na mekaar gespeel kan word.

Voordat die liedere gesing / gespeel word, gebruik ‘n paar oomblikke om die lirieke van elke lied hardop voor te lees. Spandeer nou geruime tyd om na die liedere te luister of dit saam te sing. Moedig groeplede aan om ‘n frase uit 1 van die liedere te kies wat iets spesiaals vir hom / haar beteken of wat uitgestaan het. Laat hulle dit met die groep deel.

Sluit die tyd af in gebed waar groeplede die frases wat hul gekies het, ook bid.

WOORD

[26]Saulus het na Jerusalem toe gegaan en het geprobeer om daar by die volgelinge van Jesus aan te sluit, maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie kon glo dat hy 'n volgeling van Jesus is nie. *[27]Barnabas het hom egter oor Saulus ontferm en hom na die apostels toe gebring. Hy het vir hulle vertel hoe Saulus op die pad die Here gesien het en dat die Here met hom gepraat het, en hoe hy in Damaskus openlik in die Naam van Jesus gepreek het.* *[28]Saulus het toe oral in Jerusalem saam met hulle rondgegaan en openlik in die Naam van die Here gepreek.* *[29]Hy het ook met die Griekssprekende Jode gepraat en met hulle geredeneer; maar hulle het hom probeer vermoor.* *[30]Toe die gelowiges dit agterkom, het hulle hom na Sesarea toe geneem en hom daarvandaan na Tarsus toe weggestuur.*

[31]In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe, die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem. Handelinge 9

1. Saulus was hierdie groot vervolger van Christene en nou was hy ewe skielik die groot prediker oor Jesus. Die sprong was net te groot vir die volgelinge van Jesus. Wat was die rol wat Barnabas gespeel het om hierdie probleem te oorbrug?

2. Dink julle dit was maklik vir Barnabas? Wat was die risiko's hieraan verbonde? Sou die gelowiges hom eensklaps geglo het, of sou hy dalk ook verdink word van een of ander sameswering?

3. Gasvryheid is makliker wanneer dit by jou familie of goeie vriende kom. Wanneer dit vreemdelinge omvat is dit baie moeiliker. Hoekom is dit so?

4. Hoe ontvang ons "vreemdelinge" in ons
    a. vriendekring?
    b. kleingroep?
    c. gemeente?
    d. werksituasie?

5. Vreemdelinge of vlugtelinge uit ander lande het wêreldwyd 'n groot problem geraak, ook in Suid-Afrika. Dit het ook 'n politieke speelbal geraak met verskeie menings oor die saak. Hoe behoort 'n gelowiges in hierdie saak op te tree?

6. Gasvryheid is 'n ingesteldheid of houding, teenoor veral vreemdelinge, waarin daar uitgereik word na ander met die liefde en ontferming van Jesus. Deel met mekaar hoe jy hierin kan groei as volgelinge van Jesus. Wat is dit wat jou terughou?

7. Ons het met die veldtog ervaar dat nuwelinge wat wou aansluit by 'n kleingroep telkens nie daarby uitgekom het nie. Daar kan baie redes daarvoor wees, maar daar was veral die rede van "vreemdheid" – dink aan jouself hoe moeilik dit is om na 'n vreemde plek te gaan waar jy niemand ken nie… Hoe kan ons dit makliker maak vir "vreemdelinge" (nuwelinge) om by 'n selgroep uit te kom en onmiddellik tuis te voel, om hulle so deel van die Jesus-familie te maak?

4. Begelei en Mentor – Hand 11:19-24

It is difficult to change one's reputation, and Saul had a terrible reputation with the Christians. But Barnabas, a Jewish convert (mentioned in 4:36), became the bridge between Saul and the apostles. New Christians (especially those with tarnished reputations) need sponsors, people who will come alongside to encourage them, teach them, and introduce them to other believers. By guiding and mentoring those who are young in the faith, we help them establish a new identity as followers of Christ. Find a new believer in your church who needs practical help and encouragement in growing. Become a Barnabas to that person.

Life application Bible commentary

Een van die beste maniere om te groei en ander te help om te groei en te verander, is om betrokke te wees in die hele saak van mentorskap – om 'n mentor of begeleier vir iemand anders te wees en ook self iemand te wees wat leer by ander. Hierdie proses kan formeel of informeel plaasvind. Dit kan ook gestruktureerd of ongestruktureerd wees, maw dit kan plaasvind op 'n vaste roetine (een keer per week of een keer in twee weke).

Geestelike vriendskappe draai ons gesig na God toe, dis 'n verhouding wat vrae vra oor onsself, en luister na ons stories.

Die waarde van geestelike vriendskappe:

- Help jou fokus op God
- Bevestig jou
- Bou jou en help met jou geestelike formasie
- Help jou probleme hanteer
- Help met jou genesing
- Stretch jou
- Hou jou accountable

Ek was bevoorreg om verskeie "Titus-vriendskappe" te beleef. Dit mag 'n professionele berader wees, of 'n ondersteuningsgroep, of iemand wat ouer as jyself is. Dit kan enigiemand wees in wie jy vertroue het – jy kan doodgewoon vra: "Kan ons een of ander tyd saam koffie drink, ek het iets om deur te gesels." Dis mense wat vir Jesus lief is en mense wat vir jou lief is.

Onthou ook: elke probleem of mislukking wat jy sal teenkom, elke swak besluit wat jy kan neem, is al iewers in die Bybel geneem en aangeteken – iemand anders in die Bybel is al voor jou daardeur! Kyk maar na Josef wat gesukkel het met verwerping en in die steek laat, Dawid met ontmoediging en seerkry. Hulle en ander kan vir jou goeie voorbeelde wees. Veral die boek Spreuke is vol wyse raad.

WELKOM

Neem 2 stukke koerantpapier en teken 'n vorm op elkeen met 'n merkpen (bv 'n boom of skaap). Kry twee vrywilligers uit die groep en maak hulle hande aan mekaar vas. Elkeen kry nou sy stuk koerantpapier met die vorm om uit te knip in die linkerhand en 'n skêr in die regterhand. Laat hulle gelyk begin om die vorm uit die koerantpapier te sny met die skêr. Kyk wie is eerste klaar. Laat die groep na die tyd gesels oor wat hulle waargeneem het en wat dalk nog 'n beter oplossing sou gewees het.

WORSHIP

Jack Hayford - "The heart of the issue in worship is this: My life needs God's presence to work God's purpose in my life"

Spandeer vanaand 'n geruime tyd in stilte en laat die Here toe om jul gedagtes te verfris en te vernuwe. Laat groeplede toe om te beweeg na 'n plek waar hulle gemaklik is (selfs na buite as dit nie te koud is nie!!!) Neem jul Bybels saam en lees die volgende Psalms rustig deur:Psalm 4, Psam 23, Psalm 46

Roep groeplede na + - 10 minute terug en vra hulle uit aangaande hul ervaring. Was dit moeilik om af te skakel? Hoe lank het dit geneem voordat hulle kon ontspan? Hoekom is dit belangrik om tyd in stilte te spandeer?

WOORD

[19]Deur die vervolging wat na Stefanus se dood ontstaan het, is die gelowiges uitmekaar gejaag. Party van hulle het na Fenisië, Siprus en Antiogië toe gegaan, maar hulle het die woord aan niemand anders as net aan Jode verkondig nie. [20]Onder die vlugtelinge was daar sekere mense wat van Siprus en Sirene afkomstig was en wat in Antiogië gekom en daar ook aan die Griekssprekendes die evangelie dat Jesus die Here is, verkondig het. [21]Die Here het die gelowiges gehelp, sodat daar baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het.

[22]Die berig hieroor het die gemeente in Jerusalem bereik, en hulle het vir Barnabas na Antiogië toe gestuur. [23]Toe hy daar kom, was hy bly om te sien hoe God in sy genade onder hulle gewerk het, en hy het hulle almal aangespoor om met hart en siel aan die Here getrou te bly.[24]Barnabas was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof. Handelinge 11

1. Barnabas het die nuwe gelowiges "aangespoor". Dit omvat baie meer as net bemoediging. Wat dink jy beteken dit en hoe sou hy dit gedoen het?

*When the church in Jerusalem got wind of this, they sent Barnabas to Antioch to check on things. As soon as he arrived, he saw that God was behind and in it all. He threw himself in with them, got behind them, urging them to stay with it the rest of their lives. He was a good man that way, enthusiastic and confident in the Holy Spirit's ways. The community grew large and strong in the Master.*The Message

2. Barnabas kon as begeleier optree want hy "was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof." Beteken dit dat ons perfek moet wees om ander te begelei?

3. Deel met mekaar oor die geestelike reis en hoe jy die beste geestelike groei in jou lewe.

4. Wat is die rol wat ander gelowiges en geestelike vriende in jou lewe speel. Wat en op watter maniere leer jy van hulle?

5. Het jy iemand wat jou mentor? Hoe gaan mens te werk om so iemand te identifiseer?

6. Mentor jy iemand of het jy dit al gedoen? Indien nie, wat hou jou terug? Moet jy sit en wag dat iemand anders jou eers nader of moet jy self die proses aan die gang sit?

5. Bedien – Hand 13:1-12

Ons leer in hierdie gedeelte:

1. Dat God regtig alles gee wat ons nodig het om ons roeping te leef. Wat begin het in Barnabas se lewe met die verkoop van ’n stuk grond, en gelei het tot ’n verbintenis aan Saulus en die gemeente in Antiogië, word nou ’n volskaalse roeping om die wêreld met die evangelie van Jesus Christus te bereik. En elke deel van dié voorafgaande pad tot hier – gawes, afkoms, onderrig, ervarings – gee aan die roepingsreis ’n doelgerigtheid en dinamika.
2. Dat gebed die manier is waarop God se wil onderskei word – beide in die ontvangs en bevestiging daarvan. En die gemeenskap van gelowiges speel as ’n groep daarin ’n belangrike rol.
3. Dat getuienis God se manier is om hierdie wêreld te verander, selfs al is daar felle teenstand.
4. Dat daar mense is wat die getuienis-toets dop, maar dat selfs dit nie God se plan dwarsboom nie – meer daaroor later.

Hierdie verhaal van God se dinamiese aksie in die wêreld het deur die geskiedenis soveel keer in mense se lewens ontvou. Hoe gaan hierdie dinamika in ons gemeente se lewe lyk? In my en jou lewens lyk?

Ons leef in die tyd van die Heilige Gees wat gelowiges roep en toerus om ander te bedien. Daar is veral vier redes hoekom God wil hê dat jy in sy krag moet vloei en ander bedien:

1. Om sy geweldige liefde en omgee te toon sodat die nood van ‘n lydende wêreld aangespreek kan word – die siekes, verlorenes, besetenes, verdruktes, bedroefdes en hopeloses.

2. Om die wêreld te evangeliseer en onbereiktes te bereik.

3. Om die werke van die duiwel te vernietig en mense te bevry van binding en demoniese magte.

4. Om die kerk bonatuurlik op te bou, te versterk en op te rig.

Hiervoor gee die Heilige Gees spesifieke en spesiale gawes om gelowiges te bemagtig - vgl Filippense 4:17-20

WELKOM

Iemand in die groep lees die volgende brief. Dit is klaarblyklik ‘n verhaal uit die “werklike lewe” wat aan ‘n versekeringsmaatskappy geskryf is om uitklaring te gee oor ‘n versekeringseis.

Dear Sir,

I am writing in response of your request for additional information in Block #3 of the accident report form. I put "trying to do the job alone" as the cause of my accident.

You said in your letter that I should explain more fully and I trust that the following details should be sufficient:

I'm a brick layer by trade. On the day of the accident, I was working alone on the roof of a six story building. When I completed my work, I discovered that I had approximately 500 lbs of brick left over. Rather than carry the bricks down by hand, I decided to lower them in a barrel by using a pulley that was attached to the side of the building at the sixth floor.

Securing the rope at ground level, I went up to the roof. I swung the barrel out and loaded the bricks into it. I then went down to the ground and untied the rope, holding it tightly to insure a slow decent of the brick. You will note in Block #2 of the accident report form that I weigh 135 lbs.

Due to my surprise in being jerked off the ground, I lost my presence of mind and did not let go of the rope. Needless to say I proceeded at a rather rapid rate up the side of the building.

In the vicinity of the third floor, I met the barrel coming down. This explains my broken collar bone. Slowed only slightly, I continued my rapid ascent up the side of the building until the fingers on my right hand were two knuckles deep into the pulley six floors up. Fortunately, I had the presence of mind to hold on to the rope in spite of my pain.

At approximately the same time however, the barrel hit the ground, and the bottom came out of the barrel. Without the weight of the bricks, the barrel weighed approximately 50lbs. I refer you again to my weight in Block #2.

As you might imagine, I began a rapid decent down the side of the building. In the vicinity of the third floor, I again met the barrel coming up. This accounts for my fractured ankles and the lacerations on my lower body.

The encounter with the barrel slowed me down enough to lessen my injuries when I landed on the pile of bricks. As I lay there on the bricks in pain and unable to move, I let go of the rope. I was helpless to lay there and watch as the barrel came back down and broke my legs.

I hope I have furnished enough information to explain how the accident occurred.

It occurred because I was trying to do the job alone.

WORSHIP

Henry Ward Beecher -
" I never knew how to worship until I knew how to love"

Skryf die volgende onvoltooide frases op klein stukkies papier neer. Gooi dit in 'n hoed of bak en laat elke groeplid 'n stukkie papier uithaal. Moedig groeplede aan om hul frase te voltooi en om dit dan te bid.

- Ek het U lief Here, want....
- Ek het U nodig Here, want...
- Ek wil U loof Here, want...
- Ek sal U dien Here, want...

- Dankie Here ....
- Ek plaas my hoop op U Here, want
- Ek vertrou U Here, want...
- Ek vind my vreugde in U Here, want...
- U gee my vrede Here, want

Selleier/fassiliteerder sluit af in gebed.

WOORD

[1]Onder die profete en leraars in die gemeente in Antiogië was Barnabas, Simeon wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene, Manaen wat saam met die heerser Herodes grootgeword het, en Saulus. [2]Toe hulle op ’n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.”

[3]Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.

Barnabas en Saulus preek op Siprus

[4]So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar [5]en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help.

[6]Daarna het hulle die hele eiland deurgegaan tot by Pafos, waar hulle ’n Joodse towenaar met die naam Barjesus teëgekom het, wat voorgegee het dat hy ’n profeet is. [7]Hy was by die goewerneur, Sergius Paulus, wat ’n verstandige man was. Die goewerneur het vir Barnabas en Saulus laat roep, want hy wou graag die woord van God hoor. [8]Die towenaar, Elimas, soos hy in Grieks genoem is, het hulle egter teëgestaan omdat hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo. [9]Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk [10]en gesê: “Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! [11]Die Here gaan jou nou straf. Jy sal blind word en die son ’n tyd lank nie sien nie.”

Onmiddellik het alles vir hom vaag en donker geword, en hy het rondgetas na iemand om hom aan die hand te lei. [12]Die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here, en toe hy sien wat gebeur het, het hy gelowig geword. Handelinge 13:1-12

1. Barnabas het ‘n ent pad met die Here gestap en die uitvloeisel van sy normale groei as gelowige was om ander te bedien. Daar het egter ook ‘n moment opgeduik waar hy ‘geroep’ word om ‘n spesifieke taak te verrig. Wie is die Een wat mens tot bediening roep (vgl vers 2)? Hoe werk so ‘n roeping,?

2. ‘n Bediening is iets wat mens opneem, daar kom ‘n moment wat jy bewus raak dat mens nie net daar is om te ontvang nie, maar ook om te gee en dat daar ook ‘n spesifieke bydrae is wat jy het om te maak. Ons sien dat die gemeente ook by die aanvang van Barnabas se bediening betrokke was na gebed en vas. Hoe kan dit vandag sinvol beleef word dat gelowiges ervaar dat hulle in bediening gestel word?

3. Moet ons nie meer daarvan maak om mekaar op ‘n praktiese manier “in bediening” te stel nie – bv dat iemand van die huisgroep uitgestuur kan word op ‘n korttermynuitreik of as groepleier van Travel Lite of na ‘n bediening in Khayelitsha op ‘n Saterdagoggend? Moet daar ook nie groter ondersteuning van mekaar wees tov ons bedieninge nie?

4. Wat beteken dit om ‘n bediening te hê? Is dit net bedoel vir dominees of sekere spesiale mense? Indien almal van ons ‘n bediening het, hoe kan ons mekaar meer bemagtig rondom dit?

5. Hoe speel die Heilige Gees ‘n rol in ‘n mens se bediening? Hoe werk die gawes wat Hy gee? Hoe groei ‘n mens deur bediening?

6. Behalwe spesifieke bedieninge waartoe gelowiges geroep word is daar ook die algemene bediening van mekaar bv. bid vir mekaar wat baie belangrik is. Vind daar gereeld lewens-veranderende bediening in julle selgroep plaas?

6. Gemeenskap

Week 6 se groepbyeenkoms gaan die vorm aanneem van ‘n **FAMILIEFEES**.

In plaas van die gebruiklike byeenkomste in huise, kom al die selgroepe in die ***Vredelust Ouditorium*** bymekaar op **Woensdagaand 14 September om 19:00** vir ‘n lekker gesellige kuier-aand. Kinders vorm deel van die aand en kom saam na die ouditorium.

Ons hou ‘n **“gutter-&-hat party”** en dit is vet pret.
Dit werk soos volg:

Elke selgroep bring:

1. **Twee bakke roomys** (of genoeg vir die hele selgroep)
2. **Twee poedings** (warm poedings, trifle, ingelegde vrugte, chocolate mouse, jellie, wat ook al jou gunsteling is – weereens genoeg vir die hele selgroep)

Elke persoon bring:

3. **Komberse**, kussings of iets soortgelyks om op te sit
4. ‘**n Poeding-bakkie**/beker/houer om uit te eet
5. **Twee lepels** – een om mee te skep en een om mee te eet
6. ‘n **Interressante hoed**/voorwerp op jou kop

We can never get a re-creation of community and heal our society without giving our citizens a sense of belonging